2009.11 [November]

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek kan dit amper nie glo nie maar ek het die eerste proeflopie van die Pretoria Brief uitgestuur in November 2002. Dit maak dit dus nou sewe jaar lank wat ek elke maand 'n brief oor die geskiedenis van ou Pretoria geskryf het.

-----------------------------------------------------
Terugvoering oor verlede maand se brief.

Van Anton van Vollenhoven:
Die inligting op die Wakis, dink ek, is Pistorius. Groete, Anton

Dr. Anton C. van Vollenhoven
Archaetnos
0832916104

Van MC Heunis:
Hi Rosa, Hoop alles gaan nog goed daar in die Ou Transvaal. Dankie vir elke maand se nuusbrief. Hoewel ek nou in die Vrystaat sit bly dit interessant en lees ek dit graag.

Die wakis is pragtig! Wat is die geskiedenis? Aan wie behoort dit? Ek vermoed die eerste drie letters is dalk die begin van die van? Die laaste vier letters onder is moeilik om op die foto te lees, maar dit lyk soos O J R S? Ek is mal oor die ou pioniersmeubels, veral die met primitiewe volkskuns.
Groete, MC

Van Jeanette P Clements:
Hi Rosa, Dankie vir jou laaste brief, ek vind al die briewe baie interessant.

Ek haal aan uit jou brief:
"In Julie 1883 is daar 'n uitvoering van die Messias van Handel in die Masonic Hall ten bate van die begraafplaasfonds. So ver ek kon vasstel was dit die eerste keer wat die Messias in Pretoria uigevoer is. Van die persone wat opgetree het was o.a. die mejj. Rissik, S. Marais, Cooper en Roos. Dan ook mev. Kriel, **van Manen,** en Field. Die dirigent was mnr. R.B. Moorby, die orrelis mnr. Buskes en die pianis **mej. Nettie van Manen."**

Ek vermoed "**mev VAN MANEN**" is Helena Johanna Barendina (Lenie) VAN MANEN (geb. BERNING), 1835.05.24 – 1907.11.08 en "**Mej Nettie VAN MANEN**" is haar dogter (9e van ca. 13 kinders) Antoinette Charlotte, 1868.11.05 – 1955.03.31 (later getroud met Daniel DE KOCK). Hierdie Mev v M was getroud met Jan VAN MANEN, 1825.04.30 – 1890.01.25. Hy het van Amersfoort, Nederland gekom (stamvader van die VAN MANENs) en was die eerste onderwyser by die nuutgestigte skool te Prins Albert (1852-1873) en het na Rustenburg (ook as onderwyser) verhuis en twee jaar later na Pretoria. Hy was woonagtig te Rivierstraat 134, Sunnyside, Pretoria toe hy oorlede is.

Sy seun Frederick Simon (later Privaatsekretaris van Genl. Beyers) was hul 10e kind, 1870.07.18 – 1943.12.06 en my oupa, d.w.s. die pa van Paulina(e) VAN MANEN 1900.11.28 – 1988.08.17, getroud met JJN KRUGER, 195.02.21 – 1990.06.25.

Van Freda Green:
Rosa, Weereens baie dankie vir die interessante nuusbriewe! Ek geniet dit altyd baie. Dit is interessant dat jy skryf dat die klubs (en seker ook die hotelle) nie die plekke was wat deur vrouens besoek is nie. Dit het my laat dink aan die stukkie wat Sarah Heckford in haar biografie geskryf het oor die European Hotel (Lees Lady Trader, p. 85-88). Dit was ook haar eerste kennismaking met Pretoria. Baie insiggewend, en ook hoe Mnr. Colquhoun haar gehelp het met akkommodasie.

Jy noem ook dat jy gaan skryf oor die Union Club (sien uit daarna!), maar dat jy nie 'n foto het nie. Ek stuur vir jou 2 foto's wat ons hier het, dalk help dit. Dis die beste wat ek het. Groete, Freda Green
Tel: 012-358-8931

---------------------------------------------------------------------------------

Sarah Heckford was 'n Engelse dame wat na die dood van haar man 'n bestaan gemaak het as transportryer. In Januarie 1879 kom sy die eerste keer in Pretoria aan. Sy gee 'n baie mooi beskrywing van Pretoria, of die "village" soos sy dit noem. U kan gerus die boek probeer kry en dit lees. Sy word aangeraai om by die European Hotel, die beste in Pretoria, tuis te gaan. Sy beskryf die ondervinding as volg: "The European had a verandah running the full width of its frontage where loud-talking men in broad hats, short coats and riding boots were lounging. Looking in from the market place [Kerkplein] Sarah could see it had 'n public dining-room, crammed with men and not one woman. The only way into it was through the bar so, taking heart of grace, into the bar she walked. It was as full as it could be of the kind of men who frequented bars.

A moment's astounded silence greeted her entry. It is doubtful whether a woman had ever been in there before. Mr. Colquhoun, the proprietor, was behind the bar looking as surprised at this apparition as anyone else. Sarah marched up to the counter, introduced herself and said she had been told this was the best hotel for a lady to put up. When Mr. Colquhoun regained his breath he said politely, `I'm afraid you've been misinformed. This is completely a man's hotel, in fact it is not a hotel but simply a restaurant'."
[All-02 p85-86].

-----------------------------------------------------------------

Dit lyk asof ek nou besig is met 'n vervolgverhaal. Danksy die twee wonderlike foto's wat Freda Green van die "Tshwane Community Library and Information Service" vir my gestuur het gaan ek nou 'n derde brief skryf oor die lotgevalle van die European Hotel en die Union Club.

Die einde van die European Hotel
Erf 412 [ou nommer 383] omgrens deur Pretoriusstraat, Markstraat en Kerkplein, het aan die staat behoort. Dit was egter te klein vir die bou van die nuwe goewermentsgebou en die staat het die oostelike deel van Erf 411 [ou nommer 382], met die European Hotel, van C.P. Pretorius gekoop. In 1888 ontvang hy £1,500 plus vier erwe in die omgewing van die huidige stadsaal as betaling vir sy grond.

Die European hotel was geleë op die oostelike deel van C.P. Pretorius se erf en die eienaar van die hotel, L.G. Vorstman, het 'n huurkontrak tot 1898

gehad. Hy het die huurkontrak aan die staat oorgemaak vir £8,000 nadat hy aanvanklik 'n baie hoër prys gevra het [Pr-06 p16].

Op 6 November 1888 verskyn 'n advertensie van L.C. Vorstman & Co. in De Volksstem dat 'n veiling van die hotel se meubels en ander toerusting voor die European Hotel gehou gaan word. Dit is kort daarna afgebreek om plek te maak vir die Ou Raadsaal. Dit was die einde van die European Hotel!!!

'n Ander interessante koerantberig lui dat die Eerste Raadsaal binnekort afgebreek gaan word. Slegs foto's en die historiese vlagpaal wat eers op die hoek gestaan het sal oorbly. Die vlagpaal sal bewaar word in die binneplein van die nuwe gebou wat opgerig gaan word [V 5 November 1888]. Ek wonder wat het toe van die vlagpaal geword?

<u>Union Club</u>
In 1882 [V 82-07-05] word die opening van die Union Club geadverteer. Etekaartjies kos 30 sjielings en is te kry by Colquhoun van die European Hotel of by R. Kelsey Loveday, die sekretaris van die klub.

Behalwe vir talle etes wat in die klub gegee is het ek geen ander inligting oor die klub nie.

<u>Fountain Hotel</u>
Dit is die nuwe dubbelverdieping hotel op die onderstaande foto's. Die hotel word in Januarie 1889 voltooi. In 'n advertensie word genoem dat daar in die eetkamer plek is vir 120 gaste [V 1898-01-07].



Hierdie foto is in 1890 geneem. Links op die voorgrond is die Ou Raadsaal onder konstruksie. Regs voor is die "Red Brick Store" van R.C. Green.

Aan die oorkant van Pretoriusstraat is die Union Club met die bont geverfde mure links, en regs is die dubbelverdieping Fountain Hotel. Volgens die beskrywing van die onthaal [Brief 2009.10] klink dit asof die klein bont geverfde geboutjie toe nog nie gebou was nie. Die gebou in die agtergrond

met die twee torings is die geboue van die Roomse Kerk en skool [Loreto Convent] op die hoek van Skinnerstraat en Kochstraat [Dun-01 p184; 250].




Hierdie foto is in Pretoriusstraat geneem in 'n westelike rigting. Weereens die bontgeverfde Union Club en die Fountain Hotel. Heel regs is die bouwerk aan die Ou Raadsaal nog nie voltooi nie.

<u>Bronne geraadpleeg</u>


| | |
|---|---|
| All-01 | Allen, Vivien 1971. **Kruger's Pretoria.** Kaapstad: A. Balkema. |
| All-02 | Allen, Vivien. 1979. **Lady Trader: Biography of Mrs. Sarah Heckford.** London: Willliam Collins. |
| Dun-01 | Lola Dunston. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston. |
| Kot-02 | Kotzè, John Gilbert. **Biographical Memoirs and Reminiscences.** Cape Town: Maskew Miller. |
| Pr-06 | Rex, H.M. 1953. **Enige Medeledings i.v.m. die Geskiedenis van twee Erwe en 'n Straat.** Pretoriana Deel 2, Nr. 3, April 1953. |

V – De Volksstem.